

Ikoniëse argitek Frank Lloyd Wright

en die tydlose interpretasie van styl

Enige ontwerper sal jou vertel dat klassieke styl tyd vat. Tyd om te ontwikkel en tyd om erkenning te verwerf. Dit vat geduld en innovering. Om te gebruik wat alreeds daar is en dit te omskep in iets heeltemal nuuts. Bitter min kry dit reg, maar die handjievul wat suksesvol is laat ons met tydlose ontwerp waarop ons self kan bou.

Frank Lloyd Wright was een van hulle. Hy het die ontwerp van styl verstaan. Vanuit 'n liefde vir die natuur het hy argitektuur geskep wat ons in vandag se terme herken as organies. Argitektuur wat nie net die landskap rondom ons komplimenteer nie, maar wat ook lei tot inspirasie.

Hy het dit die 'Prairie' styl gedoop. Ontwerp aan die begin van die vorige eeu, en tentoongestel in die ikoniëse Frederick C. Robie Huis in Chicago asook sy ontwerp vir die Guggenheim Museum in New York, is dit 'n styl wat oormatig gebruik maak van sterk horisontale en vertikale lyne aan die buite kant en groot oop spasies binne.

Alhoewel Wright Amerikaans was, het sy styl veral na die Eerste Wêreldoorlog aanklank gevind by die jong argitekte in Europa, wat dit tereg telik beskou het as die 'Grondslag van Modernisme'. In Suid-Afrika kan Frank Lloyd Wright se invloed gesien word in verskeie privaat huise wat hulleself duidelik onderskei van die omringende argitektoniese landskap deur organiese lyne wat vloei teen die konvensie.

Een van die beste voorbeelde van wat vandag vermag kan word met die ontwikkeling van Frank Lloyd Wright se klassieke styl kan gesien word in die Lombardy Landgoed naby Pretoria. Versprei oor 100 hektaar ontwerperstuine, het die ontwikkelaars 'n tydlose styl gesoek wat oor 'n honderd jaar van nou nog steeds net so relevant sal wees soos vandag.

Deur die projek oor te handig aan WATG Internasionaal, bekroonde argitekte Stefan Antoni Olmesdahl Truen en landgoed ontwerpers QTS Argitekte, het die samewerking van internasionale ondervinding en plaaslike kennis gesorg vir van die mees innoverende argitektuur wat al op plaaslike bodem gesien is.

Met boutique huise tot 364m² groot nog beskikbaar, gee elke individuele huis erkenning aan die ou meester. Deur groot oop spasies te gebruik om die buitekant so veel moontlik deel te maak van die binnekant, is elke huis 'n nuwe interpretasie van luukse leefstyl. Dis spatie gemaak om in te leef – 'n filosofie wat beslis Frank Lloyd Wright se goedkeuring sou weg gedra het.

Prominente en getroude besigheidspersoonlikhede Pieter en Annelies Grobler het juis in Lombardy kom bly as gevolg van die besonderse argitektuur wat nêrens anders in Pretoria te kry is nie. 'Die moderne argitektuur teenoor die plattelandse leefstyl het ons betower,' sê Pieter. 'Om eerlike te wees, ons het so baie daarvan gehou dat ons sommer twee eiendomme in Lombardy gekoop het!'

Ontwerp rondom die idee van 'n gemeenskap, is die Lombardy Landgoed 'n praktiese voorbeeld van hoe om styl deel te maak van die alledaagse lewe. Met 'n 5-Ster boutique hotel en konferensiesentrum, tegnologiese gevorderde sekuriteitsstelsel, uitgebreide groen parke en 'n gesondheidspa onder die bestuur van *Spas of Distinction* wat volgende jaar voltooi sal wees, is Lombardy 'n inspirasie in wording.

Dit wat die ontwikkelaars beplan het is nou besig om 'n realiteit te word. Meer en meer jong professionele mense sowel as jong families word gelok na hierdie eksklusiewe landgoed en lewenstyl in Lombardy, vasgevang in die ikoniëse styl van Frank Lloyd Wright – 'n man wat verstaan het dat argitektuur en ontwerp meer as net 'n dak oor jou kop is – dis 'n opheldering van jou siel en 'n noodsaaklike deel van jou alledaagse lewe.

Vir meer informasie oor die lewenstyl in die Lombardy Landgoed, skakel asseblief vir Colette Schönborn op 082 457 5818, Christo Steyn op 082 453 4304 of epos info@lombardyestate.co.za

www.lombardyestate.co.za


LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

